

# Sondag 26 September

Skrifgedeelte: Judas:10-13

Fokusgedeelte: Judas:11a

## In God se hande

In ons Skrifgedeelte sit iets geweldigs! Ons fokusvers praat van iets verskrikliks. Dit word koud om jou hart, want jy voel aan – die apostel Judas wil iets onder die aandag bring waaraan jy jou móét steur. Iets wat lewensbelangrik is ... wat jou ewige toekoms raak. En wat hy gaan sê, is in God se hande!

Judas het die dwaalleraars wat die gemeente mislei in die oog. Hy wil die kerk van die Here waarsku. Hulle ken die Skrif inderdaad. Daarom verwys hy sy lesers na Kain, Bileam en Korag. Al drie se handeling getuig van sonde teen God. Dit getuig van misleiding. Dit getuig van 'n bespotting van die Here ter wille van eie gewin. Kain – die moordenaar van sy broer. Daarna leef hy onverskillig en sonder berou (Gen. 4). Bileam – hy soek die verering en beloning van Balak. Daarom mislei hy God se volk deur sy vervloeking wat teen die Woord van die Here ingaan (Num. 22 – 24). En Korag – hy wat in opstand kom teen Moses en Aäron en só teen God se wil en woord ingaan (Num. 16).

Die Here sien dit en weet alles. En in hierdie dinge is sy eer op die spel ... sy heiligheid word aangetas. Só sal onbekeerde sondears, soos hulle drie hierbo, te doen kry met God se strawwende hand. Die Hebreërskrywer sê dit ook vir ons: “Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val” (Heb. 10:31). Dít is die geweldige en verskriklike van ons fokusvers.

En ons? Dít moet ons elke dag besef: ons is ook elke oomblik in die hande van die lewende God – Hý wat ons lewe regeer. Maar vir die kind van God is dit wonderlik om in God se hande te wees. Want deur sy hand is ons gered en verlos. Deur sý hand stuur Hy Jesus Christus as offer en Middelaar om jou en my vry te maak van sonde. En dít is die heerlike van leef uit die hand van ons God.

Gaan daarom ook hierdie dag binne met die vaste wete en geloof: jý is veilig in God se hande. Want jý soek God se aangesig, ook vandag, deur sy Woord en Gees. Bid Hom om genade en onthou: God is getrou. Sý beloftes van vergiffenis en genade ... sy versekering van die Christusliefde ... sy troosryke inwoning van sy Gees in jou hart, is en bly ewig waar. In Gód se hande is jy, as sy kind, veilig. Daarvoor het Jesus Christus gesorg. Wat 'n voereg om te weet: ék is in God se hande.

*Sing: Psalm 31-1:12*

*Ds. NW (Nico) Ligthelm (Emeritus)*